RELIGIESTUDIES VRAESTEL 2 NOVEMBER 2009

Vraag 1

- Hierdie vraag is baie swak beantword deur die meeste kandidate. Die gemiddeld was minder as 50% .
- Kandidate se kennis oor die invloed van Apartheid op godsdiens-verhoudinge was uiters beperk.
- Met uiters beperkte kennis oor die Apartheidstelsel was kandidate nie in staat om substantiewe inligting oor post-Apartheid SA te verskaf nie.
- Vraag 1.3: Antwoorde was baie uiteenlopend as gevolg van inligting rondom die rol van die WKGV in drie verskillende handboeke.

Vraag 2

- Nie te goed beantwoord nie. Indien die uittreksel breedvoeriger was, kon kandidate die vraag baie beter beantwoord het.
- Bv: 2.1: Kon ten minste 20 punte getel het.
- Vraag 2.2: Twee tot drie spesifieke veldtogte kon as onderafdelings verskaf geword het en dan kon kandidate dit daarvolgens behandel het. Baie kandidate het nie geweet wat veldtogte behels nie.
- Vraag 2.3 was te wyd gestel en is vir tersiêre vlak bedoel. Die verskillende godsdiensorganisasies was alreeds ingesluit by vraag 2.2.

Vraag 3

- Vraag 3.1 kon baie duideliker gestel gewees het. Die onderafdelings kon soos volg aangedui gewees het:
- Bv. 3.1.1 Posisie van wedersydse isolasie
  3.1.2 Fundamentalisme
  3.1.3 Posisie van harmonie
- Vraag 3.2 was ‘n moeilike vraag en moes beslis eenvoudiger gestel gewees het. Alle godsdienste moes betrek gewees het. Vraag 3.3 was dus oorbodig.

Vraag 4

- By Vraag 4.1 was die konsep van inspirasie ‘n teoretiese konsep wat uiters moeilik is om binne Religieuse Studie te behandel.
- Vraag 4.2 was onduidelik oor wat omtrent die Heilige Boeke bespreek moes word.
- Vraag 4.3 : Die hermeunitese beginsels van alle godsdienste word nie in alle handboeke behandel nie. Van die beginsels is uniek aan individuele godsdienste.

Vraag 5

- Redelik goed beantwoord.